

# SAWA Oos-Kaap



## Liewe Sawanante

So bly die somer nog weg maar ons is al in die laaste kwart van 2017. Ongelooflik hoe vinnig die jaar verby gesnel het.

Let asseblief op na die volgende kampe met ook meer inligting oor die kerskamp in November. Onthou asseblief om so gou moontlik jou bestuurslid in kennis te stel as jul 1 van die kampe gaan bywoon. Ons sukkel nog gereeld om voor die afsny punt volledige getalle aan die oorde deur te gee.

## Sitrusoewer 20 – 22 Oktober 2017



Prys is as volg: R 160.00 vir die eerste 4 mense en dan R 40.00 per persoon ekstra. Jakkie en haar span gaan lekker pannekoek bak en verkoop so ondersteun asseblief hulle. Daar sal ook braai hout beskikbaar wees so dis nie nodig om die bakkie te oorlaai nie, kry sommer daar!

Onthou maar om die visstokke saam te bring. Miskien kan jul weer die 1 vissie 'n paar keer vang.



### Van Stadens 3 – 5 November 2017:

Isckhe en haar span beplan 'n heerlike naweek met die kinders. Saterdag sal daar "movie" met popcorn en als gekyk word. Ingangsfooi is 'n blikkie katkos of sak hondkos. En dit sal aan die SPCA geskenk word. Kersvader sal natuurlik sy ronde kom doen, dit wil nou se as hy tyd kry, hy mos darem besige mens die tyd van die jaar. So onthou asseblief 'n geskenkie vir die kids. Om die kinders se lekkergoed pakkies gereed te he, moet ons teen die 27ste Oktober weet wie almal daar gaan



Om die kersfees gevoel te kry kom ons trek almal rooi en wit sondag vir kerk aan!!! As elke gesin vir ons 'n bordjie sout of soet eetgoed vir sondag kan bring kan ons almal na kerk lekker tee'tjie drink en ietsie eet!!!!

### Baie belangrik vir al ons huidige en toekomstige besprekings:

Ons kort asb. die nodige getalle om met die oorde te reël. Hulle het gevra dat ons die oortollige staanplekke aan hulle bevestig dat hulle dit kan uitboek vir buite persone. Indien 'n lid bevestig dat hy/sy kom en nie opdaag nie, sal hy/sy nog steeds die oord-kostes moet dra, slegs as ons minder lede is as wat bespreek is en die oord dit so vereis.

### Noodhulp tydens saamtrekke:

Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons vra dat mense na vore sal kom wat noodhulp het. Sê asb. Vrydagaand by Boekevat of u opgelei is en vir ons kan help gedurende die naweek. Dan weet die lede waar hulle kan gaan vir hulp indien daar 'n krisis oor die naweek is. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir gebruik. Dit is by die kampeiers van die naweek beskikbaar.

### **Wapad en Webwerf:**

Stuur asb. u nuus/foto's vir Clarise Kruger vir die Wapad en Webwerf en kyk gerus na Facebook vir nuwe inligting. Epos: clarise.kruger@ms-it.co.za

Baie van ons kinders ontvang die tyd van die jaar groot pryse en erkenning op baie gebiede, stuur asseblief sodat ons almal jul trots kan deel!

Die Wapad word per e-pos gestuur, maar as u nog 'n harde kopie wil ontvang, moet u dadelik vir Clarise of jou bestuurslid laat weet.

### **Ledegeld:**

U moet groot asseblief u ledegeld betyds in Nationaal se bankrekening inbetaal. Kyk watter maand u aangesluit het en handel dit dan af. Aansluiting en eerstejaar se ledegeld moet kontant betaal word. Kontak asb. die betrokke kampeiers in die verband. Debietorders sal eers van jaar twee af in werking tree en ons moedig dit graag aan. Dit vergemaklik die taak baie en u het nie weer probleme nie. Eenmalige aansluitingsfooie van R120 is betaalbaar. Ledegeld: Kontant = R340; Senior Burgers: Kontant = R330  
Debietorders is R10 minder by elke groep. Agterstallige lede sal gekontak word om reëlings te tref vir betalings.

### **Bedryfsfonds:**

Die bedryfsfonds vir die nuwe jaar is nou ook betaalbaar. Dit is slegs R150 per jaar en vir Senior Burgers R120 per jaar. Dit sal waardeer word indien u dit binne drie maande na u aansluitings maand kan inbetaal in Oos Kaap se rekening of by die kampeiers.

### **SAWA Kentekens:**

Indien u belangstel in 'n nuwe kenteken vir u woonwa, kan u by Richard een aankoop. Dit is egter baie belangrik dat wanneer u, u woonwa verkoop, MOET U DIE SAWA KENTEKEN EN SNOR AFHAAL

### **SAWA Oos Kaap Bestuur.**



